



GEBEDSKALENDER

JUNIE 2020

1 | GOLF Talle Christelike nedersettings is met kieme besmet weens min of geen toegang tot behoorlike sanitasie en gesondheidsorg. Bid dat God Geopende Deure deur ons plaaslike vennote sal help om die navorsing wat gedoen is, te gebruik om aan dié Christene se behoeftes te voldoen.

2 | IRAK Sommige Irakese voel dat hul land altyd bloedvergieting sal sien. Bid dat verandering in dié land sal plaasvind sodat die bloedvergieting kan eindig. Bid ook dat Christene in hul geloof sal vasstaan gedurende hierdie moeilike tye.

3 | IRAK Bid dat Irak se leiers sal afsien van hul begeerte om hulself te verryk en sal saamwerk om die sowat 40 miljoen mense in die land by te staan. Bid dat hulle sal saamwerk om die land tot voordeel van die inwoners te herbou.

4 | LIBANON Christene in Libanon vra vir jou vurige gebede, veral sedert die onluste wat einde 2019 uitgebreek het. Bid dat God die vrede in Libanon sal herstel, wat 'n toevlugsoord is vir baie mense wat van die onrus in hul lande vlug.

5 | IRAN Talle gelowiges ervaar eenzaamheid en isolasie omdat dit moeilik is om bymekaar te kom. Hulle sukkel ook om in hul geloof te groei omdat toegang tot Christelike hulpbronne moeilik verkrygbaar is. Bid dat God die Heilige Gees sal stuur om aan hierdie gelowiges te bedien.

“Doen dit alles biddend en smeeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.”

Efesiërs 6:18 (1983-vertaling)



6 | INDONESIA Sondagskoolonderwysers se onderrig het die afgelope paar jaar honderde onderwysers bereik en 'n kragtige impak gemaak. Bid dat hierdie onderwysers die dinge wat hulle geleer het prakties sal toepas om 'n impak te maak op diegene wat hulle onderrig se lewens.

7 | INDONESIA Bid dat meer Sondagskoolonderwysers toegerus sal word, veral in afgeleë gebiede waar gelowiges nie toegang het tot Christelike literatuur en opleiding nie. Bid dat meer kinders deur dié onderwysers bedien en ondersteun sal word om in hul geloof te groei.

8 | LIBIË Wees saam met ons bly dat mense Jesus vind en gedoop word in polities onstabiele lande soos Libië. Bid dat nuut gedoopte bekeerlinge 'n groep gelowiges sal vind om by aan te sluit vir samesyn.

9 | KENIA Samoa* was as 'n Moslem met twee vroue getroud. Nadat hy 'n Christen geword het, het sy eerste vrou se familie haar weggevat. Sy tweede vrou se familie dreig om hom dood te maak. Bid vir Samoa en sy vrou, wat by sy pastoor se huis 'n toevlug gevind het. Bid dat sy vrou Jesus sal leer ken.

10 | UGANDA Asman (16) leef in vrees vir sy ma, wat van Christenskap na Islam bekeer het, met 'n prominente Moslem-leier getroud is en Asman probeer dwing het om ook na Islam oor te skakel. Hy het uiteindelik veiligheidshalwe uit sy ma se huis gevlug. Bid dat hy Christus meer intiem sal leer ken, asook vir beskerming teen sy ma.

11 | OOS-AFRIKA EILANDE Amina* is 'n pilaar vir baie vroue in hierdie streek. Sy voorsien geestelike ondersteuning aan nuwe gelowiges en sien dikwels om na hul materiële behoeftes. Sy het 'n begeerte om die Evangelie met vroue in haar streek te deel. Bid vir God se wysheid in hierdie strewe, en voorsiening in haar behoeftes.

12 | SIRIË Dit is moeilik om te sien hoe baie Siriërs nie kan terugkeer huis toe nie. Bid dat Jesus se liefde elke Siriër sal bereik, om in hul harde daaglikse werklikheid te onthou dat God hulle nie verlaat het nie. Mag God 'n einde bring aan die swaarkry in hierdie land.



13 | TUNISIË Nadat Amira* se pa uitgevind het dat sy 'n Christen geword het, wil hy hê sy moet die universiteit verlaat en terugkeer huis toe. Hy dreig haar ook sodat sy na Islam sal terugkeer. Bid vir wysheid en leiding vir Amira waar sy druk van haar pa ervaar.

14 | NOORD-KOREA April tot Junie is die moeilikste tyd van die jaar vir Noord-Koreaanse gelowiges om te oorleef, omdat koswinkels dan leeg is en die volgende oes nog maande ver is. Danksy jou gebede en ondersteuning, kan ons hulle in hierdie tyd bystaan. Bid dat God nog meer gebedsvennote en ondersteuners vir Noord-Korea sal stuur.

15 | NOORD-KOREA Geestelike soldate dien God in die geheim in Noord-Korea. Bid dat hierdie mense sal vashou aan die hoop wat hulle in God het en ondanks vervolging sal sterk staan, om die geestelike oorlog vir hul nasie te wen.

16 | MALEISIË Die hoop vir gelykheid het toegeneem toe die nuwe regering twee jaar gelede aan bewind gekom het. Minderheidsgroepe sien egter nog nie werklike politieke of maatskaplike veranderinge nie. Bid dat die Kerk nie hul hoop op politiek sal plaas nie, maar eerder op Christus sal fokus vir hul hoop.

17 | BANGLADESJ Kanon, wat dissipelskapopleiding bygewoon het, het geleer om oor een Bybelvers op 'n slag na te dink. Dit het tot God se leiding en wysheid in sy lewe gelei. Prys God dat Hy hierdie opleiding in Kanon se lewe gebruik. Bid dat die opleiding voortdurend jong gelowiges sal help om in hul geloof te groei.

18 | NEPAL Lalita* bly alleen saam met haar kinders nadat sy deur haar man vervolg is vir haar geloof. Sy werk as 'n dagarbeider om vir haar kinders te sorg. Bid dat God vir haar sal voorsien en dat haar man tot geloof in Jesus sal kom.

19 | INDIË Sedert Maniraj* en sy vrou drie jaar gelede Christene geword het, dien hulle die Here deur die Evangelie in verskillende dorpe te deel. Bid vir wysheid

INDIË vervolg

en beskerming vir Maniraj en sy vrou, aangesien hulle met geweld en uitsetting uit hul dorp gedreig is as hulle nie ophou evangeliseer nie.

20 | CHINA 'n Klein aantal kerke het na Boeddhistiese of Moslem-minderhede begin uitreik. Bid dat meer kerke hierdie dienaar-styl oproep aan plaaslike sendings sal aanneem en dat dit daartoe sal lei dat baie mense tot geloof in Jesus kom.

21 | SUID-FILIPPYNE Sowat 10 000 inwoners van Suid-Filippyne is ontwortel nadat h reeks aardbewings die streek in Oktober 2019 getref het. Bid vir gemak en gemoedsrus vir die slagoffers, wat steeds deur hierdie gebeure getraumatiseer is, en vir wysheid vir die Kerk om hulle te bedien.

22 | NIGERIË 'n Maand nadat Rikiya se man oorlede is, het Boko Haram haar dorp aangeval en sy het alles verloor. Geopende Deure het haar gehelp met traumasorg en om met bokke te begin boer. Bid dat die Here sal aanhou om haar te genees en haar onderneming te seën.



23 | LAOS Kerke in Laos ervaar moeilike tye nadat sommige deur die plaaslike owerhede opdrag gegee is om hul aanbiddingsdienste te stop. Bid dat die Here sal aanhou om Christene se geloof te versterk en dat hulle sal weet dat geen moeilikheid hulle ooit van Christus se liefde kan wegskeur nie.

24 | MALEISIË 'n Geskatte 5 000 Rohingya-vlugtelinge bly in die klein dorpie Malacca, Maleisië. Bid vir wysheid en raad vir die staat se ministers, terwyl hulle kyk hoe hulle hierdie vlugtelinge kan help en van die maatskaplike probleme kan oplos wat ontstaan wanneer so baie vlugtelinge in 'n beperkte ruimte is.



25 | SRI LANKA Gedurende 'n byeenkoms vir pastore en kerkleiers wat deur Geopende Deure se plaaslike vennote gereël is, was dit duidelik dat kinders in Sri Lanka die risiko loop van dwelmsverslawing en -misbruik. Bid vir wysheid vir die Kerk wanneer hulle sulke kwessies moet hanteer en dat Christelike kinders nie slagoffers van verslawing sal word nie.

26 | BROENEI 'n Engels-, Bahasa- en Chineessprekende gemeente het vir die eerste keer in een kerk bymekaar gekom vir lofprysing. Vyf ander kerke het ook bymekaar gekom vir gesamentlike aanbidding. Prys God vir hierdie wonderwerk. Bid vir eenheid onder die gelowiges in Broenei, want God seën wanneer daar eenheid is (Psalm 133).

27 | MIANMAR Simon,* 'n sendeling in 'n Boeddhistiese dorp, bedien by 'n kindershuis wat 20 kinders huisves. Die kinders moet 20 minute loop om te bad en hul klere te was, omdat die plaaslike welsynsgenootskap Simon se versoek verwerp het om 'n waterput vir die kindershuis te grawe. Bid vir God se voorsiening aan die kinders.

28 | BURKINA FASO Christene in Burkina Faso ervaar toenemende aanvalle. Pastoor Sawadogo, wat plaaslike ontwortelde Christene versorg, vra dat ons sal bid dat “die vrede van God in die land sal heers, en dat mense in staat sal wees om terug te gaan na hul tuisdorpe om voort te gaan met hul daaglikse aktiwiteite.”

29 | KAMEROEN Toe Abdul (in sy vyftigs) 'n Christen geword het, het hy baie uitdagings ervaar. Geopende Deure het hom gehelp om 'n besigheid te begin, wat hy gebruik om Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond 'n ambag leer en te dissipel. Bid vir die Here se volgehoue seën oor Abdul en sy onderneming.

30 | ALGERIË 'n Nuwe president het aan die einde van 2019 aan bewind gekom, wat onrus tot gevolg gehad het, met Christene wat voortslepende druk van die owerhede ervaar. Bid vir gelowiges om standvastig te wees terwyl hulle toenemende druk ervaar.

JULIE 2020

1 | INDIË Talle huiskerke regoor Indië word deur die polisie en Hindoe-ekstremiste ontwig en bedreig. Hofsake teen sommige is geskeduleer om binnekort plaas te vind. Bid dat die uitspraak ten gunste van die kerke sal wees.

2 | INDIË Bid vir die verskillende projekte wat in Indië deur plaaslike vennote behartig word om Christene te ondersteun. Bid dat God hierdie projekte sal gebruik om ons broers en susters se waardigheid te herstel deur hulle in staat te stel om hulself en hul families te onderhou.

3 | VERVOLGERS VAN CHRISTENE Bid vir familieledes en gemeenskappe wat Christene as “verraaiers” sien, asook vir godsdienstige ekstremiste wat probeer om lande te bevry van Christene. Bid dat God hul harte sal verander en dat hulle die waarheid oor Jesus Christus sal leer ken.

4 | BHOETAN Prys die Here vir die opleiding wat die Bhoetanese jeug ontvang. Die opleiding help hulle om verhoudings uit h Bybelse oogpunt te sien. Bid dat God hulle sal help om dit wat hulle leer toe te pas om sterk en standvastige Christelike verhoudings te bou.

5 | NOORD-KOREA Danksy jou gebede en ondersteuning kon nog ses Noord-Koreaanse vlugtelingvroue aan die einde van 2019 gedoop word. Bid dat hierdie vroue sal aanhou om hulself met die daaglikse manna uit die Woord van God te voed, sodat hulle geloof sal groei.

6 | CHINA Die polisie het Wei vroeër vanjaar gewaarsku dat die owerhede weet dat hy gereeld met Moslems kontak het. Hulle het hom gevra om weg te bly van



CHINA vervolg

dié mense. Hy vra dat ons sal bid dat hy God se vrede in hierdie tyd sal ervaar. Bid vir hom en alle Chinese gelowiges wat na ander etniese groepe uitreik.

7 | VIËTNAM Die owerhede het Yen* se kerk aan die einde van 2019 aangeval. Sy kerk het egter steeds bymekaar gekom, en in Januarie het die plaaslike owerhede hulle gewaarsku om hul byeenkomste te staak of meer geweld in die gesig te staar. Bid dat God hierdie gelowiges teen hul plaaslike owerhede sal beskerm.

8 | PAKISTAN Ná twee jaar in die tronk, is 40 Christen-mans wat vals daarvan beskuldig is dat hulle twee Moslems doodgemaak het uiteindelik vroeër vanjaar vrygelaat. Bid vir hulle vir krag terwyl hulle aan hul fisiese, emosionele en spirituele genesing werk.

9 | INDONESIAÏE 'n Huwelikseminaar is vroeër vanjaar in Aceh gehou. Bid vir al die paartjies wat die seminar bygewoon het – dat hul liefde en begrip vir mekaar sal verdiep om sterk families te bou wat h'n seën vir hul gemeenskappe sal wees.



10 | NEPAL Bahadur, wat besig is met sy teologiese studies, word weens sy Christelike geloof nie finansieel deur sy ouers ondersteun nie. Bid dat God sal aanhou om in Bahadur se behoeftes te voorsien en hom sal help om sterk te staan in sy geloof.

11 | MALEDIVE President Mohamed Nasheed het gesê die Maledive stuur op sy ondergang af as ekstremistiese godsdienstige aktiwiteite in dié land nie gestaak word nie. Bid dat God aan die land se leiers wysheid en godsdienstige strategieë sal gee om hierdie kwessie te beveg.

12 | MIANMAR 'n Verkiesing word vanjaar in Mianmar gehou. Bid vir 'n vry en regverdige verkiesing, en dat diegene wat verkies word vrede vir dié nasie sal bring.

13 | SENTRAAL-ASIË Bagit* is die enigste gelowige in sy dorp. Sy familie het 'n terugslag beleef toe hulle koei gesteel is, omdat hulle nie ryk is nie. Bid vir voorsiening vir Bagit se familie en dat hy ondanks vervolging sal aanhou om sterk te wees.

14 | SENTRAAL-ASIË Ons het in April vir gebed gevra vir 'n groep gelowiges wat deur sekuriteitsdienste gearresteer is. Een van die gelowiges het gesê: "Hulle kan ons arresteer, slaan en bangmaak. Maar hulle kan nie ons liefde en hoop wegneem nie." Bid dat hierdie gelowiges 'n baken van liefde en hoop vir mekaar sal wees.

15 | TURKMENISTAN Toe 'n groep geheime Christenvroue 'n selgroep gehou het, het die polisie by die huis ingestorm en hulle beboet vir 'n "onwettige godsdienstige byeenkoms". Bid vir wysheid vir hierdie susters en dat hulle kans sal kry om in veiligheid byeen te kom.

16 | UGANDA Juma,* 'n Gelowige vanuit 'n Moslemagtergrond, is ongelukkig oorlede, wat beteken dat sy familie alleen agtergelaat is om vir hulself te sorg. Bid vir die Here se voorsiening aan sy familie sodat hulle 'n inkomste kan verdien en die kinders kan teruggaan skool toe.



17 | MALI Geopende Deure het Naomi bygestaan nadat die vlugtelingkamp waarin sy gebly het toegemaak is. Sy het ons vertel dat haar broers en susters, wat vir haar probleme veroorsaak het weens haar geloof, Christene geword het. Prys die Here hiervoor. Bid dat Hy sal aanhou om hulle nader aan Hom te bring.

18 | TSJAD Mariam is onder dwang van haar man, Moussa, af weggeneem omdat hy 'n Christen geword het. Sy het verlede jaar swanger geraak nadat hulle herenig is, maar het ongelukkig in September 'n miskraam gehad. Bid vir vertroosting en spirituele groei terwyl hulle hul verlies verwerk.

19 | NIGER Twee fanatiese Moslems het pastoor Lanli in Januarie doodgemaak. Sy vrou, vier kinders en kerk rou oor sy dood. Bid vir die Here se oorvloedige seën vir sy familie en kerk terwyl hulle hul verlies verwerk.

20 | DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO Die Geallieerde Demokratiese Magte (ADF) het verskriklike gruweldade gepleeg teen mans, vroue en kinders. Bid vir meer doeltreffende en suksesvolle strategieë vir militêre operasies wat daarop gemik is om die ADF en ander gewelddadige militêre groepe te ontwortel.

21 | IVOORKUS Toe Aboya Tano (24) se pa, 'n voedoe-priester, ontdek het dat sy na Christenskap bekeer het, het hy haar gedwing om haar nuutgevonde geloof af te sweer. Sy het uit die land gevlug nadat hy gedreig het om haar dood te maak. Bid vir die Here se guns vir Aboya in haar nuwe land.

22 | ETHIOPIË Moslemjeugdiges het in Januarie 'n kerkgebou binnegegaan en 'n ouderling, Galgalo* (35), aangerand. Hulle het ook Christene in die kerk geteister. Bid vir moed en krag vir Christene in hierdie dominante Moslemgebied, wat gereelde aanvalle deurmaak.

23 | ARABIESE SKIEREILAND Bid vir gelowiges in lande soos Jemen en Saoedi-Arabië om verdrukking te oorkom deur in ons Here Jesus te vertrou. Bid ook vir die Kerk in die streek sodat hulle daaglik 'n diep verhouding met God en Sy Woord sal ervaar.



24 | MAROKKO Mohammed* sukkel om kop bo water te hou, omdat die dorpenaars weens sy geloof nie meer wil hê dat hy in hul dorp werk nie. Bid dat God vir hom sal sorg en hom wysheid sal gee om 'n inkomste te verseker.



25 | KENIA In Onbekende aantal mense wat vermoedelik lede van Al-Shabaab is, het in Januarie 'n konvoi van drie busse aangeval wat van Mombasa na Lamu gereis het. Bid vir Christene in Lamu wat probeer om nog 'n aanval te verwerk waarin hulle geteiken is.

26 | BURKINA FASO In Januarie het militante minstens 75 mense in een week doodgemaak. Hulle het hierdie mense vermoor as h' straf omdat mans nie na hul waarskuwing geluister het om nie broeke te dra wat hul voete bedek en om hul baarde te laat groei nie, en vir vroue om sluiers te dra. Bid vir beskerming vir diegene wat as gevolg van die aanval gevlug het.

27 | JEMEN Bid vir volhoubare voorsiening en hulpbronne vir diegene wat swaarkry weens hongersnood, siektes, ekonomiese probleme en 'n gebrek aan onderrig. Bid dat God bonatuurlik sal ingryp in die interne en eksterne konflik sodat die oorlog kan eindig.

28 | IRAK Dank God vir die heropening van nog 'n kerk in Tel Skuf in die Nineve-vlaktes. Hulle het die volgende Bybelers

IRAK vervolg

uit Psalm 127:1 as slagspreuk gebruik tydens die opening: "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs." Bid vir 'n verenigde en sterk Kerk om alle vervolging te weerstaan.

29 | SIRIË Die oorlog in Sirië duur al vir nege jaar, met omliggende lande wat hul burgermagte, weermagte, terroriste en geld beskikbaar stel om die "vure aan die brand" te hou. Bid vir 'n fundamentele verandering in internasionale politiek en dat die oorlog in Sirië werklik sal eindig.

30 | LIBANON Ná maande van swaarkry vir Libanon en sy mense, bid asseblief vir dié land. 'n Libanese Christen het gesê: "Bid vir ons almal sodat ons in staat sal wees om te sien hoe Jesus ons land skoonmaak op dieselfde manier as wat hy die tempel skoongemaak het." Bid dat die Kerk in Libanon 'n bron van krag vir die nabygeleë gemeenskappe sal wees.

31 | VIËTNAM Qui* en haar familie het vroeg in 2019 na Christenskap bekeer. Haar man, Trong,* het in Januarie haar arms herhaaldelik met 'n stok geslaan en haar uit hul huis geskop. Hy wil nou van haar skei. Bid dat God haar man se hart teenoor haar sal verander.

*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg Maar nooit alleen.



Geopende Deure

Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org